

HOSA/VOSA

Issue/uitgawe 32
Nov/Dec 2013

e-News / e-Nuus van

*Hiking Organisation of Southern Africa
Voetslaan Organisasie van Suidelike Afrika*



Mag die Vreugde Seisoen net die beste vir elkeen inhou. Gelukkige Kersfees!!

NUUSBERIGGIES/NEWS ITEMS

SKATSTAP / TREASURE HIKE

Die SKATSTAP kompetisie se aanvangsdatum is verskuif na 01 Januarie 2014 tot 30 Junie 2014.

Vyftien roetes is geïdentifiseer vir hierdie doel en hier onder verskyn van die roetes. Groot pryse is op die spel! Verskeie roetes is in die tussentyd ge-oudit met die oog op die kompetisie. Die reëls en kompetisie vorm verskyn op ons web blad. Gaan kyk gerus daarna!

The date for the TREASURE HIKE competition has been changed to 01 January 2014 to 30 June 2014. Fifteen trails were identified for the competition and herewith some of the trails all ready on board. There are big prizes to be won! Various trails have been audited in the mean time with the competition in mind. The rules for the competition and the questionnaire have been published on our webpage. Have a look!

ROETES / TRAILS

Die volgende roetes is tans op die lys van deelnemers/ The next trails are currently on our list of participants:

Mpumalanga : Num Num, Mount Komati, Suikerboschfontein, Wolhuter KNP, Napi KNP

Free State : Cannibal, Lesoba

KZN : Poplar Grove

Gauteng: Kareeberg, Groenkloof, Wonderboom

Limpopo: Mateke (or is it North West?)

Eastern Cape: Strandloper, Two Rivers trail



The new

The new trail MOUNT KOMATI, had its grand opening earlier in October. According to hikers that attended this event, this is a very beautiful trail, with lovely spots and interesting areas along the way. This is a summary by Ndaba Hiking Club, as seen on their web page www.ndabavoetslaanclub.co.za.

Ligging:

Mount Komati voetslaanroete is geleë in Mpumalanga tussen Machadodorp en Badplaas.

Algemeen:

Dit is 'n twee dae basiskamp roete van 20km, 15km dag een en 5km dag twee.

Die basiskamp is toegerus vir 16 stappers. Die hutte is uitstekend toegerus met stapelbeddens, elektrisiteit, kombuis, yskas, mikrogolf, warm water, storte, spoeltoilette, lapa, braairoosters.

Twee ekstra meer luukse huisies met slaapplek vir 2 elk, is beskikbaar en kan apart gereël word.

Dag een (15 km)

Die eerste ent is langs die Komatirivier. Daarna draai die roete noordwaarts, deur afwisselende terrein wat insluit grasvlaktes, uitsigte, historiese krale, pragtige inheemse bome, woude.

Dag Twee (5km)

Die eerste ent is weereens langs die Komatirivier. Daarna gaan die roete deur pragtige inheemse woude en langs waterstroompies.

Opsomming:

Mount Komati is 'n roete met baie afwisseling, beslis een van die mooiste basiskamproetes. 'n Moet vir elke stapper.



Foto deur Andries Oosthuizen

Ledegeld/Membership fees 2014

Ek weet hierdie is baie vroeg maar neem asb kennis dat ledegeld weereens betaalbaar is, en wel teen 31 Maart 2014. Ons het elke lid vir ons organisasie nodig, so ondersteun ons asb en betaal u lidmaatskapfooi.

I know this is very early, but please take note that membership fees for 2014 are payable on or before 31st March 2014. We need the support of each member so please pay your fees.

Tips

When storing Boots. Use a coarse brush on dry boots to remove caked-on mud and dirt. Once you've removed as much gunk as possible, use a mild, no-residue detergent and warm water to work out dirt from mesh and leather. If you have leather boots without a waterproof breathable membrane, apply a thicker than average coating of non-petroleum conditioning agent, remove your insoles, and stuff boots with newspaper to store. For all boots, spray the insides and insoles with an anti-fungal spray, and store with a few wads of newspaper inside to retain shape.

When storing your Sleeping bag. Store sleeping bags stuffed randomly in the largest cotton stuff sack possible or, better yet, hung by the foot in a cool, dry area. This preserves the loft of the bag's insulation and ensures that it will work well for years to come.

From American Hiking Society newsletter

Wenke vir dapper stappers

- Stap 'n paar keer vinnig om 'n paar straatblokke en teen elke bult uit wat jy sien, voor jy 'n staproete aanpak. Jy sal die natuurskoon net soveel meer kan waardeer as jy fikser is en nie met elke tree op jou tande moet kners nie.
- Pak gemaklike stapskoene in. Jou plakkies of netjiese boots gaan beslis nie die ding doen nie.
- Neem Vat genoeg water saam op enige stap. Dis beslis die enigste ding wat help om daai brandgevoel in jou bors te blus.
- Al is dit warm, dra 'n warm top of baadjie in jou rugsak saam. Dis aansienlik kouer bo op 'n die berg. 'n Paar handskoene in die winter is ook 'n moet.
- Gaan slaap vroeg die aand voor die staptog. Jy gaan die rus nodig hê.
- En onthou om jou kamera saam te neem: 'n Mooier uitsig gaan jy nie sommer kry nie.



Sjoe, die einde van
nog 'n jaar is op
ons!

Vannie

Ja, kom ons beplan
om die Nuwe Jaar
vol stapgoete te
maak Kom stap
saam!!



Hossie

Wat wil u graag in die nuusbrief lees? What would you like to read in our newsletter?

My e-pos adres is jackdo1@vodamail.co.za indien u enige nuusberiggie wil stuur,

Please send me your hiking story! Jackie

. There comes a point where you have to realize that you'll never be good enough for some people. The question is, is that your problem or theirs?